# GrietGriet

Julie 2012
Volume 11

e-pos: magrietjie@up.ac.za
web: www.up.ac.za/magrietjie




Die volgende *GrietGriet* verskyn in November 2012.
*GrietGriet is also available in English - please let us know if you prefer to receive an English copy.*



Claire Pienaar
Gasspreker by damesoggend




Magrietjie het 2-meter hoë baniere laat maak vir gebruik op spesiale geleenthede. Maer-Grietjie pryk in al haar glorie op die baniere waarop ons koshuiswaardes ook gelys is.

## DAMESOGGEND IN STYL

Op Sondag, 20 Mei is die Magrietjie dames vermaak met 'n spesiaal-voorbereide optrede van die serenadegroep gevolg deur 'n lewensverreikende praatjie van oud-Magrietjie Claire Pienaar (née Curtis). Claire is 'n dame wat lei deur haar voorbeeld, nie net op papier nie, maar ook in karakter. Claire het haar pad as leier begin in 2001 as hoofdogter van Edenglen Hoërskool. In 2004 het sy gedien op die HK van die beste koshuis op die Tukkiekampus en is in 2005 gekies as Primaria van Huis Magrietjie☺. Nadat sy haar B-graad in Politieke Wetenskap behaal het, het sy haar Honneurs in Historiese studies voltooi en 'n Golden Key toekenning daarvoor verwerf. Sy is vandag 'n mamma, vrou, leefstyl- en gesondheids-konsultant en eienaar van *CP Writing Services*.

Claire is iemand met 'n onmisbare meegevoel vir haar medemens sowel as 'n groot passie om ander te help om hul volle potensiaal te bereik. Op die damesoggend het sy ons meer vertel van wat dit beteken om fisiese, emosionele en geestelike welstand deel van jou lewe te maak.

Hieronder volg 'n opsomming van haar praatjie:
Verskeie fasette van die welstand van jong vroue is bespreek. Claire het aangedui dat klein veranderinge nodig is om mens se fisiese lewe te verbeter: soos om jou waterinname te vermeerder na 2.5 liter per dag en om geleidelik jou oefening te vermeerder na ten minste 30 minute se sweet drie maal per week. Sy het verduidelik dat "as jy nie gaan tyd maak om gesond te wees nie, beter jy tyd maak om siek te wees". Met haar bespreking oor emosionele en geestelike "fiksheid", het sy die gehoor laat verstaan dat emosionele kwessies soms skuil agter fisiese probleme. Sy het vertel dat 'n paar keuses jou sal help om die lewe wat God vir jou beplan het te leef, naamlik om dankbaar te wees vir die persoon wat God jou geskape het om te wees, te laat gaan van onnodige vergelykings tussen jouself en ander asook skuld en finansiele bekommernis. Die Magrietjies het by haar geleer dat negatiewe gedrag wat gestop word, vervang moet word met nuwe, positiewe gewoontes en dat daar geen limiete is vir jou om in die beste JY te ontwikkel nie. Welstand kan bekom word deur genade en liefde, maar dit bly jou keuse of jy 'n beter welstand wil handhaaf.

Die oggend is afgesluit met 'n heerlike ontbyt waarna almal pienk verjaardagkoek genuttig het. Dit was voorwaar 'n gesellige en intieme oggend waar mammas en dogters saam met oud-Magrietjies die oggendson en vars winterlug op ons grasperk geniet het.

Lees meer oor ons GHOLFDAG EN FEESDINEE in September op bladsy 3.













## SERRIE-FINAAL!

Sowaar een van ons bestes nog!!! Magrietjie het hul pad na 'n **tweede plek** gebou met die tema *The Twin Towers rebuilt*. Kultuurn Ekstern, Simone Groenewald, was gedetermineerd om 'n eersteklas serrie aanmekaar te sit en in dieselfde proses dit onvergeetbare pret te maak vir elke deelnemer! Sy het sonder twyfel altwee reg gekry! Die Magrietjie "poppie" stereotipering is definitief aangespreek en behoort nie gou weer 'n woord te wees wat Magrietjies beskryf nie... Dit was 'n behoorlike uitdaging om almal in "karakter" te kry. As ware bouers van die Twin Towers was hierdie serrie 'n vars aanslag en een wat nie gou vergeet sal word nie!



**Amfiteater – Magrietjie 'bouers' by die Serrie-finaal**

## SONOPKULTUUR

"Wild Wild West" was die tema vir die hoofkultuuraand vir die jaar en hierdie een is aangepak saam met Sonop. Die terrein van dié geliefde manskoshuis is omskep in 'n klein Wilde Weste dorpie met 'n *saloon*, tronk, bank en *rodeo* bul. Die dekor is afgerond toe Magrietjies en Sonoppers verras is met *Wanted* plakkate waarop hul fotos was. Kultuur Intern, Zandri Toerien, het sekerlik 'n besoek aan *Facebook* gemaak om dié in die hande te kry! Vroeër die week by huisvergadering het die Magrietjies 'n dansie geleer en elke keer wanneer die liedjie *Cotton Eyed Joe* gespeel het is almal dansbaan toe. Die *cowboys* en Indiane het 'n aand vol kultuur en opwinding beleef wat moeilik ge-ewenaar sal word.



## FEESNAWEEK

Met ons interne fokus op Feesjaar het ons dit goedgedink om 'n toe-naweek vir die hele koshuis te hou. Die program vir hierdie naweek was propvol met dié dat die universiteit se opedag nog boonop die Saterdag gehou is. Die Vrydagaand is afgeskop met 'n regte romantiese komedie "*The Vow*" waar die saal omskep is in een groot pajama-partytjie en popcorn was in oorvloed!! Die Magrietjies het knus gelê en trane trek op die koue wintersaand en is vroeg in die bed om uit te rus vir die res van die naweek. Saterdagoggend was dit tyd om huis skoon te maak en voor te berei vir die voornemende Magrietjies en hul ouers. Nog voor die laaste matriek kon sê "hoop ek sien julle volgende jaar" het die eerste volleyball spel al begin. Dis reg, Magrietjie het GANGSPORT gehou. Verskeie vloere het meegeding vir die algehele wentitel in sokker, tafeltennis, volleyball, driebeenresies en eiergooi. Taaibos het kom inloer om seker te maak dat die meisies by die reëls hou - en op die koop toe sommer 'n lekker Jool-reünie ook. Die hoogtepunt was egter die "*dance off*" wat aan die einde van die uitputtende dag gehou is en hier het vloer 3 hul merk gemaak. Die algehele wenplek is gedeel deur vloer 4 en vloer 7. Die dag was 'n groot sukses en sonder twyfel nie die laaste een nie. Asof die naweek nie besig genoeg was nie, is die Sondag volgemaak met ons damesoggend waar huidige Magrietjies en hul ma's asook alumni was. 'n Naweek vol pret, ontspanning, nuwe bande en hopelik 'n tradisie wat voortgesit sal word!



**Spikkels wat hul vloer verteenwoordig by die toutrek**

## ONDER MAGRIETJIE SE VLERK

Joolprojekte het 'n nuwe aanslag gekry hierdie jaar met die aanneming van 2 dogtertjies - ouderdomme 5 en 8. Magrietjie het 'n borg gekry om Joy Alphane en Zenith Ling se skoolfondse vir 2012 te betaal!! Die kostes is R2400 per jaar vir elkeen. Hierdie projek lê ons na aan die hart en ons hoop om hulle deur hulle skoolloopbaan te kan dra. As u belangstel om as borg vir 'n jaar op te tree kan u gerus 'n epos stuur na magrietjie@up.ac.za en ons sal die proses verder neem. Salt and Light Christian School sal verslae en fotos stuur om ons op hoogte van die dogtertjies se vordering te hou. Joy (8) geniet dit om tennis te speel en Zenith (5) hou daarvan om fotos en prentjies uit tydskrifte te sny. Lyk hulle nie klaar soos toekomstige Magrietjies nie?!



**Joy**



**Zenith**

Oud-Magrietjie Kobie Odendaal het ’n vrygewige donasie aan Magrietjie gemaak vir Feesjaaraktiwiteite. Baie baie dankie Kobie - jou geldjie stop BAIE gate toe! Ons waardeer die skenking opreg!!!




## UIT ONS SKATKIS

**Martmeri Roos skryf:**
”Baie baie dankie vir die nuusbrief – altyd so lekker om te sien wat aangaan in die paleis :)”
**Elzaan Cook (née Smuts) skryf**:
”Ek is bly jul is goed op dreef! Ag, my hart is tog so trots om die pragtige nuusbrief en interessante aktiwiteite te sien!”
**Elaine Knight (née Van Heerden) skryf:**
”Baie dankie vir die nuusbriewe! Dit maak my dag wanneer ek 'n nuusbrief kry, en ek dan kan terug verlang na van die wonderlikste jare! Julle beplanning lyk wonderlik, en ek wens ek kon deel wees daarvan!! Hoop alles loop goed af, en dat julle baie foto's sal neem vir julle volgende nuusbrief! Pienk groete uit 'n bitter koue Skotland.”

**Baie dankie vir julle boodskappies! Dit maak die harde werk van die nuusbriewe net ’n plesier! - Red**



Redaktrise:
Sunette Botha

## KARNAVAL

Magrietjie se Karnavaldag het op 28 Julie plaasgevind en ons sal meer daaroor vertel in ons volgende nuusbrief. As jy hierop uitgemis het, maak seker jy neem deel aan ons gholfdag en feesdinee! Sien details hieronder.

## GHOLFDAG



Wat doen ’n Primaria as sy sien die geldjies is min en die Feesjaar groot?! Sy spring in en reël in gholfdag. Dit is presies wat Primaria Esbé van Zyl gedoen het. Magrietjie hou ’n gholfdag in samewerking met die Suid-Afrikaanse Kanker Assosiasie (*CANSA)* met die doel om fondse in te samel vir *CANSA* sowel as ons feesjaaraktiwieite. Ons benodig 120 spelers vir die gholftoernooi wat bestaan uit 30 vierballe. Buiten deelname (@ R400 per persoon), is daar ook ’n groot behoefte aan borge om die dag ’n sukses te maak. Kontak ons asb per epos (magrietjie@up.ac.za) as jy, jou man of vriende aan die gholfdag wil deelneem, of met borgskappe behulpsaam kan wees. Die golfdag vind plaas op **28 Augustus te Waterkloof Country Club**. Meer inligting is op Magrietjie se webtuiste onder Feesjaar 2012 beskikbaar (www.up.ac.za/magrietjie). Ons as Feesjaar HK doen ’n beroep op oud-Magrietjies om ons te ondersteun in hierdie projek (’n 1ste vir Magrietjie). Die gholfdag lê ons ook na aan die hart deurdat een van ons Spikkels met kanker in haar knie gediagnoseer is. Riamien moes in die helfte van die jaar haar studies staak om verdere behandeling te ondergaan maar ons is hoopvol dat sy gou weer by ons kan aansluit en haar studies voltooi.

Vir enige belangstelling en/of hulp stuur asb ’n epos aan magrietjie@up.ac.za.

## FEESDINEE

Soos jul alreeds weet hou ons dinee op **15 September**!! Hierdie datum is hopelik al in die dagboeke aangeteken want ons beplan om dit ’n onvergeetlike aand te maak vir almal wat deel is of was van ons besonderse koshuis. Onthou dat die beskikbare plekke beperk is. Die kaartjie sluit in: ’n verwelkomingsdrankie, ’n driegang maaltyd, ’n unieke Magrietjie geskenk en ’n dans in Pretoria Stadsaal. Die parkeerkoste by ’n veilige parkeerplek is ook ingesluit by die kaartjie. Indien u alreeds ’n betaling gemaak het is dit nou belangrik om vir ons kontakbesonderhede, jou jaargroep en indien moontlik die name van die ander Magrietjies waarmee jy ’n tafel wil deel te stuur. Die tyd kom al hoe nader en ons wil vroegtydig die tafelplasings finaliseer.



**Plek: Pretoria Stadsaal**
**Datum: 15 September 2012**
**Drag: Formeel, masker opsioneel**
**Koste: R700 per paartjie of R390 vir ’n enkelkaartjie**
**RSVP teen Maandag 13 Augustus deur middel van betaling**
Betalings kan in die volgende rekening gemaak word:
Rekeningnaam: Klubbate VSR
Bank: ABSA
Takkode: ZA632005
Rekening nr: 2140450033
Verwysing nr: X0L816 (Jou van en ‘FD’)
Faks bewys van betaling na: 086 543 6484 of e-pos bewys na: magrietjie@up.ac.za
** Onthou asseblief die verwysingsnommer X0L816 (waar 0 ’n nul is) asook jou Van gevolg deur die letters FD.
***** BAIE Belangrik: Saam met die bewys van betaling moet die volgende inligting vir administratiewe doeleindes per e-pos aan magrietjie@up.ac.za deurgestuur word:**

- **Naam en van**
- **Selfoonnommer**
- **E-posadres**
- **1ste jaar in Magrietjie (bv 1999 Spikkel)**
- **Voorstelle vir tafelplasings (name van dié saam met wie jy graag wil sit)**

**Tot weersiens in *GrietGriet* in November 2012...**